

6 Augustus

Skrifgedeelte: Romeine 8:31-39

Fokusgedeelte: DL, VD 5:5

**Ek bou my sekerheid op God se beloftes!**

Net as ek 'n teken van die Here ontvang het kan ek seker wees van my verlossing. Iets soos 'n engel wat aan my verskyn, of 'n droom, of 'n stem wat ek hoor, of 'n geestelike ervaring, is wat ek nodig het om werklik sekerheid te kan hê. So het die dwaalleraars beweer en so glo baie mense vandag nog. Maar die Sinode het die dwaling verwerp wat sê: “'n Mens kan in hierdie lewe geen sekerheid van die toekomstige volharding sonder 'n besondere openbaring besit nie.”

Volgens ons belydenis lei die Heilige Skrif nie hierdie sekerheid “uit 'n besondere en buitengewone openbaring af nie, maar uit die kenmerke wat aan die kinders van God eie is, en uit die standhoudende beloftes van God”. Die sekerheid van my verlossing en volharding lê dus in wat God reeds in my gedoen het deur sy Woord en Gees en in die beloftes van sy Woord. Dit is beloftes soos in vers 38-39: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus, ons Here.”

God se liefde in Christus is dus die sterkste krag in die hele skepping! Daarom het ek die troos dat ek tot in ewigheid veilig is by God en daarom het ek ook die sekerheid dat God my sal laat volhard tot die einde toe. Dit wat God al klaar aan my geopenbaar het in sy Woord en in sy Seun gee vir my genoegsame troos en versekering en daarom het ek nie 'n teken nodig nie. Waar kan ek in elk geval 'n beter en 'n sterker en 'n duideliker teken kry as Jesus se kruis en opstanding en as God se Gees wat in my werk?!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~